

**Maandag 7 November**

**Skrifgedeelte: Handeling 5:17-32**

**Fokusgedeelte: Handeling 5:29**

### **Alleen aan God gehoorsaam**

Kajafas, die hoëpriester, was onrustig. Die apostels se wonders en hulle prediking het baie mense by die eerste gemeente laat aansluit. Daarom gee hy bevel dat van die apostels in die tronk gestop word. Kajafas is 'n Sadduseër. Hy glo nie aan die opstanding uit die dood nie. Hy glo ook nie aan engele nie.

Dit is toe juis 'n engel wat die apostels bevry. Hieroor swyg Kajafas in verleentheid wanneer die apostels weer voor die Raad beskuldig word. Daar is drie aanklagte:

- Ontken die gesag van die Joodse Raad.
- Verkondig 'n valse leer onder die mense.
- Beskuldig die Sanhedrin valslik van die moord op Jesus.

Nou is die vraag: Hoe gaan die apostels hulleself hier verdedig? Hulle was immers aan die Joodse Raad se bevele ongehoorsaam. Dit is waar, hulle verkondig 'n ander leer as dié van die Fariseërs en Sadduseërs. Verder het hulle inderdaad die Joodse leiers kwalik geneem vir die kruisiging van Jesus.

Ons weet dat gelowiges soms in situasies kom waar dit nie so maklik is om dadelik te kan onderskei tussen waar en vals nie. Veral wanneer jy jou geloof moet verdedig, moet jy mooi dink voor jy praat. Petrus wys egter hier vir ons dat gehoorsaamheid aan God voorkeur moet kry bo ons eie argumente wanneer ons verdedigend reageer. Hy grond sy gehoorsaamheid aan God dan op God se eie daade wat bewys dat die apostels se gedrag reg is:

- God het Jesus uit die dood opgewek.
- God het Jesus tot aan sy regterhand verhoog.
- God het Jesus as Verlosser aangestel.

God se handeling is die basis vir ons geloof. Daarop baseer ons ons gehoorsaamheid aan Hom. Volg jy die mens se handeling, raak dit vinnig duidelik dat dit nie die grond van jou geloofsbesluite kan wees nie!

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)*